Afrikaanse Gemeente UAE

Ds Gert Els 050 836 8392
gert@dubaigemeente.com

Jaargang 3 Uitgawe 69

Ramadan Gebedsfokus 1-30 September '08

Ramadan: Die Vyfde pilaar van Islam - vanaf 1-30 September 2008. Dan bid ons vir die wêreld se ongeveer 1,7 biljoen Moslems, vir God se genade en dat die Heilige Gees, aan hulle God se Seun, Jesus Christus sal openbaar.

Aan My is alle mag gegee in hemel en op aarde,.. het Jesus gesê. Alhoewel Islam vir ons mag lyk soos 'n kragtige mag en ondeurdringbare vesting, is Jesus Christus die oorwinnaar. Alles sal uiteindelik onder sy heerskappy staan. Tot en met dan moet ons weet dat God nie wil hê dat iemand verlore gaan nie, maar dat almal tot bekering moet kom. Daarom het hy ons bevoorreg om te deel in die verkondiging van die evangelie, veral aan dié wat dit nog nie gehoor het nie. Groot getalle Moslems, het nog nooit die voorreg gesmaak om die Goeie Nuus op só 'n manier te hoor dat dit vir hulle sin maak nie. Hulle het nog nie die liefde van God in Christus, ervaar nie. Om dié rede nooi ons alle gelowiges om tydens die maand van Ramadan - die maand waarin die Moslems vas - saam in gebed te verenig vir alle Moslems. Kolossense 4:2 stel God se wil en ons verantwoordelikheid baie duidelik: .Wy julleself aan gebed toe . Bid... sodat God vir ons 'n deur kan



open sodat ons die boodskap van God duidelik aan hulle kan oordra."

Dwarsoor die wêreld gebruik Christene gedurende Ramadan 'n 30-dae gebedsboekie om in te tree vir Moslems tydens hulle maand van vas. Tydens ons weeklikse bidure, ons selgroepe asook in ons 24 Uur Gebedsfokus sal ons van hierdie gebedsboekie gebruik maak waar ons vir die bekering van Moslems te bid. Ons verenig met elke ander bidder in gebed en fokus op die groei van die koninkryk onder Moslems wêreldwyd. Mag God die oes inbring en al die eer ontvang! Dit is ook 'n wonderlike geleentheid om kinders te leer om te bid vir mense wat die Here nie ken nie.

Ramadan strek oor 'n tydperk van 30 dae. Dit is die vyfde pilaar van Islam, verpligtend vir Moslems en deel van dit wat hulle moet doen om genoeg goeie werke bymekaar te maak sodat hulle in die hemel kan kom. Honderde miljoene Moslems vas gedurende Ramadan daarin dat hulle gedurende die daglig ure niks eet nie. Elke Moslem probeer om Mekka ten minste een keer in sy lewe te besoek. As Christene glo ons dat die pad na versoening met God en so ook die pad na die hemel is omalleen Jesus, ons Verlosser, se offer aan die kruis te aanvaar. Goeie werke verdien nie vir ons die ewige lewe nie. Nogtans doen ons goeie werke omdat ons harte gevul is met dankbaarheid en om God se liefde aan mense prakties te wys. Ons vra jou om nou al te begin bid vir die voorbereiding en dat ons maksimale deelname aan Ramadan in ons gemeente sal kry.

Lig die Sluier Familie-Saterdag 25 Oktober 2008. As opvolg op die Ester konferensie beplan die kerkraad 'n tweede " Ester " konferensie wat ook die manne insluit. Die konferensie met die tema : ***Lig die Sluier*** word deur Elza Meyer op 9 Augustus in Moreleta aangebied en daarna skuif dit na Dubai om hier aangebied te word op Saterdag 25 Oktober 2008. Ons gaan ook tydens die naweek vir Johan (Proffie) Smith, Moreleta se jeugleeraar saamnooi om met die jeug te skakel en te praat. Ons vra dat julle asseblief hierdie datum sal aanbring op julle kalenders. Dit is bedoel as as 'n Familie -Saterdag waartydens die hele gemeente insluitende die kinders bedien gaan word.

Gemeente Strategiese Beplanningsproses met die oog op 2009. As deel van ons gemeentebeplanning vir die volgende jaar 2009 het die kerkraad na ons afgelope leiersbyeenkoms goedgekeur dat ons met 'n strategiese beplanningsproses moet begin Dit gaan oor ons gemeente DNS (Visie, missie en beplanning) wat ook 'n vraelys aan die gemeente insluit. Ons vra asseblief die gemeente se ernstige en volhardende voorbidding vir hierdie belangrike saak

Ons Afrikaanse Gemeente se 3-jarige gemeente viering in 2009. As deel van ons gemeente se driejarige viering op die naweek van 6-8 Februarie 2009 het ek met Dr Alvin Vander Griend van die VSA kontak gemaak om die naweek met ons die Love to Pray seminaar te kom aanbied asook verdere fassette van die Lig-Huis bediening te kom bspreek. Ek het al genoem dat die LIG-Huis bediening by hom ontstaan het. Ons sal nog finale bevestiging oor hierdie aangeleentheid kry maar vra nou al voorbidding dat die Here hierdie naweek ryklik sal seën.

Ons volgende 24 Uur Gebedswag is om die draai: 23 Julie 2008.

Ons vra jou om, soos gewoonlik, jou naam, selnommer en epos adres in te vul teenoor die ½-uur tydsgleuf soos aangedui op die Gebedslys wat agterop jou preeknotas gedruk is. Ons vra dat soveel moontlik persone sal deelneem en wil graag die hele dag volmaak. Daar is heelwat sake waarvoor ons die Here se aangesig kom soek. Die sake vir voorbidding sal per epos uitgestuur word. Maak net seker dat jou epos adres reg en duidelik aangedui is.

Afrikaanse Gemeente UAE

GEMEENTE PROGRAM VIR JULIE 2008

Julie 2008						
Mon	**Tue**	**Wed**	**Thu**	**Fri**	**Sat**	**Sun**
	1	2	3	4 Nagmaal Leiers spanbou (jeug, sel, kerkraad, gebed, ouers)	5	6
7	8	9	10	11	12	13
14	15 Familie- en Sangaand	16	17	18	19	20
21	22	23 24 Uur Gebed	24	25 Lidmaat(skap) Toerusting Program	26 Manne Gebedsoggend	27
28	29	30 Gensingsdiens	31			

SELGROEP-BEDIENING en BIDURE

Sondagaaand

- Aan huis van **Calvyn en Manda Hamman in Um Suqeim.** Dit is in 26E Street, No. 129, Al Safa Village 3. Kontaknommer is 04 - 342 0802. Tyd is 19:30
- Aan huis van **Jan-Louis en Obri Oosthuizen Springs12**. Dit is in Straat 1, Villa no 43. Kontaknommer is 04 361 4298. tyd is 19:00

Mirdif

- Aan huis van **Leon en Helmien** Straat 87c Villa no 4, Kontaknommer Leon: 050 456 8475. tyd is 19:00

Maandagaand

- Aan huis van **Nicky** in die **Gardens 13**, onderste vloer no 6 Kontaknommer Nicky 050 467 3122. Tyd is 19:30
- Aan huis van **Riaan en Petro Bezuidenhout in die Gardens 49** op grondvloer no 1. Hulle vergader om 19:00. Die groep wissel in hulle saamkom. Kontaknommer is Riaan 050 640 1082. Tyd is 19:00
- Aan huis van **Tienie en Sandra Ferreira in Um Suqeim. Al Thanya straat 70.** Kontaknommer is Johan Swart 050 451 2807. Tyd is 19:00
- Nog 'n **Springs groep** is by **Basie of André . Hulle vergader** om die beurt by verskillende huise. Dis 'n jonger groep en kontak besonderhede is as volg. Basie 0502533196 of André 0503954800

Abu Dhabi

- Kontak **Leon Misselhorn,** indien u wil inskakel of mense verwys op 050 674 9133. Tyd is 19:00

Dinsdagaand

- Aan huis van **Piet en Carlien Vorster** in **Al Quasais** in die Fatima Ebrahim gebou nr 108. (Pienk gebou) regoor die Emirates College naby die Dubai Womens College en ook die Diyafa School. Daar is nie 'n naam op die gebou nie. Kontaknommer is 050 5989351

Woensdagaand

Al Ain

- Kontak **Erich Ipland,** indien u wil inskakel of mense verwys, sy kontaknommer is op 050 812 3016. Tyd is 19: 30
- Kontak **Annatjie Venter** indien jy by die verpleegsters se selgroep wil inskakel. Haar kontaknommer is 050 5330829
- Kontak **Manie** Villa 1 Straat 6, Alkhabisi. Kontaknommer is 050 813 5292 Tyd 19:00

Dinsdagaand Biduurgroep

•Aan huis van **Yolande Rass** in ***Arbaian Ranches Al Reem 3, Villa 135, Straat 1.*** Kontakno 050 886 8053 Tyd 19:30

Woensdagaand Biduurgroep

•Aan huis van **Jan en Sharon Pretorius** in **Meadows 7, Straat 2, Villa 18.** Kontaknommer is Sharon by 050 6514407. Tyd is 19:00.

•Aan huis van Linda en Gerhard in **Meadows 9, Straat 14, Villa 43** vir mense wat Egelstalig wil bid. Kontaknommer is Linda 055 831 7457. tyd is 19:00

Donderdagoggend Jeugbiduur om 10:00. Bidgroep **vir die jeug** by Ds Gert in Springs 3 Skakel Ds Gert op 0508368392